

22 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 65:8-16
Fokusgedeelte: Jesaja 65:14 (1953-vertaling)
Hartspyn of hartsvreugde

In die Bybel word die mens se hart as die sentrum van jou emosies gesien. As jou hart vrolik is, dan is jy bly en het jy groot vreugde. As jou hart seer is, dan is jy emosioneel stukkend.

Letterlik (sien die 1953-vertaling) stel Jesaja 65:14 die twee teenpole van emosies teenoor mekaar: hartsvreugde aan die een kant en hartspyn aan die ander kant (hartspyn is 'n sterker woord as hartseer). Wat veroorsaak enersyds die hartsvreugde, en andersyds die hartspyn?

In Jesaja 65:1-16 word die oordeel van die Here oor goddeloses aangekondig. Te midde van die oordeel is daar egter ook genade. Hulle wat getrou (gelowig) aan die Here is, ontvang sy seën (deur Jesus Christus). Hulle sal genoeg hê om te eet en drink (vs 13). Met ander woorde, hulle sal geen behoeftes meer hê nie. Omdat God in al hulle behoeftes volkome sal voorsien, sal hulle vrede, rustigheid, vreugde en blydschap in hulle harte hê.

Aan die ander kant, oor hulle wat nie op die Here vertrou nie, maar op die geluk en die noodlot (vgl. vs 11), kom die oordeel van die Here. Op die dag van oordeel sal hulle harte gevul word met skrik, onrus, onvrede, pyn, want dan sal hulle die foute van hulle optrede besef en dit sal te laat wees. God gaan hulle regverdiglik straf vir hulle optrede.

Gaan jy op die oordeelsdag hartsvreugde of hartspyn hê?
Sing: Psalm 9:1, 3-6 (2001)

Dr JA Erasmus (Odendaalsrus)